NG Kerk in Oos-Kaapland

Skriba: Ds Danie Mouton
Posbus 15751, EMERALD HILL, 6011 • E-pos: skriba@ngkok.co.za • Sel: 082 9234 178 • Tel 041 368-1832

9 Mei 2007

AAN:
- **Voorsitters van Kerkrade**
- **Skriba's en Leraars**

Geagte vriende,

KENNISGEWING:
SINODALE VERGADERING VAN DIE NG KERK IN OOS-KAAPLAND

Geliewe kennis te neem dat die volgende gewone sinodale vergadering van die NG Kerk in Oos-Kaapland plaasvind van 12 tot 15 November 2007 in Port Elizabeth of omgewing.

Die sinode sal waarskynlik laat-oggend op Maandag, 12 November begin, en nie later as omstreeks 14:00 op Donderdag 15 November verdaag nie. Tydelike kommissies sal wel vroeër die oggend van 12 November begin vergader. Dit mag u reisreëlings raak.

Ek rig graag die volgende versoeke:

1. Geloofsbriewe

U kerkraad moet asseblief so gou doenlik as afvaardiging na die sinode aanwys. Dit bestaan normaalweg uit al die diensdoenende leraars in u gemeente tesame met 'n kerkraadslid vir elke leraar. In die geval van kerkraadslede word 'n primarius en sekundus-afgevaardigde aangewys. (KO Art en Bep 33)

Gebruik asseblief slegs die aangehegde, ietwat aangepaste, geloofsbrief. Dit is ook op ons webblad beskikbaar by www.ngkok.co.za/sinode2007. Hierdie spesifieke vorm maak voorsiening vir bykomende detail van elke afgevaardigde. Maak seker dat u die geloofsbrief volledig voltooi.

Die ***keerdatum*** vir die ***inhandiging van geloofsbriewe*** is: 10 Augustus 2007.

Stuur die geloofsbrief aan die volgende adres:
Die Skriba, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK, 6055.
(Onthou: Ek moet die oorspronklike geloofsbrief by u kry.)

2. Beskrywingspunte

Kerkrade en ringe is welkom om beskrywingspunte (KO Bep 35.4) aan die sinode voor te lê. Die **keerdatum** vir die ontvangs van beskrywingspunte is 12 Augustus 2007 (KO Bep 35.4.1).

3. Koste van die vergadering

Net soos in die verlede, is kerkrade verantwoordelik vir die koste van hul afvaardiging. Die koste word aan die sinode oorbetaal en die bedrag sal aan u bekend gemaak word sodra dit gefinaliseer is. Daar is finansiële ondersteuning vir hulpbehoewende gemeentes beskikbaar. U kan in hierdie verband vir dr Jan Viljoen by die sinodale kantoor kontak wat u van die nodige informasie sal voorsien: tel 041 365-3159 of da@ngkok.co.za.

4. Sakelys

Die sakelys van die vergadering sal betyds gepos word om afgevaardigdes ‘n maand voor die vergadering te bereik.

5. Navrae

Rig u navrae oor geloofsbriewe, beskrywingspunte e.s.m asseblief aan my, Danie Mouton, verkieslik by skriba@ngkok.co.za of 082 9234 178.

6. Gebed vir die Algemene Sinode

Die Algemene Sinode vergader van 4 tot 8 Junie 2007 in Johannesburg. Ons vra u voorbidding as gemeentes vóór en tydens die vergadering. Van die belangrike, rigtinggewende sake wat bespreek gaan word, noem ek ‘n paar:

- A-Z Handleiding vir Predikante;
- Homoseksualiteit;
- Kerkhereniging;
- Geweld en misdaad;
- Grondhervorming.

Beste wense!

Ds Danie Mouton
Skriba: Sinodale Kommissie

(Geloofsbrief aangeheg)

Nederduitse Gereformeerde Kerk in Oos-Kaapland

Geloofsbrief vir Ring en Sinode

Die kerkraad van die NG Gemeente _____ het op sy vergadering van _____ (volledige datum) tot sy verteenwoordigers na die aanstaande vergadering van die ring / sinode van _____, wat gehou sal word op _____, en volgende dae, te _____ die volgende kerkraadslede aangewys (verskaf asb *volle name* en *volledige kontakbesonderhede*):

PREDIKANTE:

1. _____

Woonadres: _____

Selfoon: _____ E-pos: _____

2. _____

Woonadres: _____

Selfoon: _____ E-pos: _____

PRIMARIUS OUDERLING(E) / DIAKEN(S):

1. _____

Woonadres: _____

Selfoon: _____ E-pos: _____

2. _____

Woonadres: _____

Selfoon: _____ E-pos: _____

SEKUNDUS OUDERLING(E) / DIAKEN(S)

1. _____

Woonadres: _____

Selfoon: _____ E-pos: _____

2. _____

Woonadres: _____

Selfoon: _____ E-pos: _____

Hierdie afgevaardigdes het opdrag om by die genoemde vergadering die kerkraad in alles te verteenwoordig en aan die beraadslaginge en besluite oor alle sake wat wettig ter tafel kom, namens die kerkraad deel te neem, in onderworpenheid aan die Woord van God, die belydenis en Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Met toebidding van Gods rykste seën op die werksaamhede van die vergadering.

Datum: _____

_____ _____

Voorsitter Skriba